

## Vraag 18: Is daar enige manier waarop jy God se straf kan ontvlug en in sy guns kan kom?

Materiaal vir stiltetyd, kleingroepe of families.

### RUS

Gebruik 1 Timoteus 4:10: "Hiervoor swoeg en veg ons, want ons hoop is op die lewende God wat die Verlosser is van alle mense, en veral van dié wat glo." (NLV)

### HOOR

**1. Dink jy dat God sonde en afgodery regtig straf? In hierdie lewe? In die toekomstige lewe? Hoekom? Hoe kan 'n mens die straf ontwyk en in God se guns kom?**

**2. Lees my antwoord op die vraag en oordink dit.**

**Ja, deur die grenslose genade van die Verlosser. Hy dra die straf vir die sonde en gee my vergifnis van sonde.** Ek kan myself nie verlos nie, want God wil aan geen ander skepsel die sondeskuld wat ek gemaak het, toereken nie; en geen gewone skepsel kan die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie.



**3. Sonde en afgodery is nie kinderspeletjies nie. Dit laat God se toorn ontvlam en bring straf oor almal wat hulle teen Hom verset. Dit is persoonlik. Dit is werklik. Hoe laat dit jou voel oor God?**

**4. Lees die verhaal van die giftige slange in Numeri 21:1-9. Wat tref jou?**

**5. Lees my opsomming van die boodskap daarvan en oordink dit.**

Die verhale in die Ou Testament is voorbeelde vir ons. Ten spyte van gebedsverhoring kla die volk weer oor kos en water. Hulle sondig teen die Here en teen Moses. Die Here stuur as straf giftige slange onder hulle. Die volk bely hulle sonde en bid dat die Here die slange sal wegvat. Die Here laat Moses 'n afbeelding maak van 'n giftige slang bo-op 'n paal. As 'n slang iemand gepik het, het hy na die bronsslang gekyk en bly leef. Jesus verwys in die Nuwe Testament na dié verhaal. Hy dra aan die kruis die straf vir die sonde. Hy vergewe ons sonde.

### LEEF

**6. Die verhaal van die giftige slange demonstreer dat God se straf werklik en persoonlik is. Maar, die giftige slange is gelukkig ten diepste God se manier om die volk te keer van hulle opstand teen Hom en sy pad vir die lewe. God wil hulle help om die pad van verlossing te ontdek, en só deur sy werk in hulle, aan Hom gehoorsaam te word. Watter boodskap het dit vir ons vandag?**

## VIR DIEPERDELWERS

**1. Lees die aanhalings uit die Nederlandse Geloofsbelydenis 17 en Heidelbergse Kategismus 14. Wat leer jy van hoe jy God se straf kan ontvlug en in sy guns kan kom? Wat beteken dit vir jou? Wat vra dit van jou?**

### **Nederlandse Geloofsbelydenis 17**

#### *DIE VERLOSSER DEUR GOD BELOOF*

Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het. God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak - sy Seun, wat uit 'n vrou (Gal. 4:4) gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel (Gen. 3:15).

Gen 3:15; 22:18; Jes. 7:14; Joh. 7:42; 2 Tim. 2:8; Heb. 7:14; Joh. 1:14; Gen. 3; Gal. 4:4.

### **Heidelbergse Kategismus 14**

*14 Vraag: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?*

Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).

(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

**2. Loof die Here in gebed vir die spesifieke wysheid en insig wat die geloofsbelydenisse jou gee oor hoe jy God se straf kan ontvlug en in sy guns kan kom.**